

Oorloop + Ontsteking = Tenkplaasbrand (Deel 2)

'n Groot stoortenk met vlambare vloeistof het oorgeloopt. Twee operateurs wou ondersoek instel en het met 'n bakkie soontoe gery. Kort na hulle aankoms was daar 'n harde ontploffing gevolg deur 'n brand. Dit blyk dat die bakkie die ontstekingsbron was. Die brand het deur die tenkplaas versprei en dit het die brandweer 'n dag en 'n half geneem om die brand onder beheer te kry. Twaalf werknemers moes hospitaal toe geneem word en daar was aansienlike skade aan die aanleg en eiendom.



Sien September 2009 Beacon vir bespreking oor hoe om te voorkom dat 'n tenk oorloop.

Het jy geweet?

- 'n Binnebrandenjien (petrol of diesel) kan ontsteking van 'n vlambare gas of dampwolk veroorsaak. Binnebrandenjins word algemeen gebruik in voertuie en draagbare toerusting wat in die aanleg gebruik word vir instandhouding en konstruksie.
- Die temperatuur van warm oppervlakke van die enjin kan die outo-ontsteekpunt van meeste algemene vlambare dampe oorskrei en dit aan die brand steek.
- Vlambare dampe in die lug kan ingesuij word in die enjin. Dit verskaf ekstra brandstof vir die enjin en kan die enjin vinniger laat loop.
- Dit is bekend dat dieselenjins aanhou loop as daar vlambare dampe in die lug is wat as brandstof dien, selfs al word die enjin afgeskakel. Die rede hiervoor is dat die ontsteking van dieselenjins veroorsaak word deur die samepersing van die brandstofmengsel, wat die mengsel verhit en ontsteek, terwyl petrolenjins die vonk van 'n vonkprop gebruik



Oorgeblyfsels van die voertuig!

Wat kan jy doen?

- Moet nooit met 'n voertuig ry as jy vermoed dat daar 'n vlambare dampwolk is nie.
- Onthou dat toerusting wat aangedryf word deur 'n binnebrandenjien ook 'n onstekingsbron kan wees. Sulke toerusting mag byvoorbeeld draagbare kragopwekkers, lugkompressors, pompe, sweismasjiene en grassnyers insluit.
- Die meeste aanlegte wat vlambare materiale hanteer vereis dat 'n warmwerkpermit uitgereik word as 'n voertuig of enjin in die aanleg gebruik moet word. Maak seker jy verstaan jou aanleg se reëls in die verband en volg dit te alle tye.
- As jy met 'n voertuig ry en die enjin begin skielik vinniger loop, dan het jy waarskynlik in 'n vlambare wolk ingery! Skakel die enjin dadelik af en klim uit!
- Sommige aanlegte vereis dat enjins toegerus word met positiewe lugtoevoerafsluiting, sodat die enjin te alle tye gestop kan word. Maak seker jy verstaan jou aanleg se reëls in dié verband. Indien dit wel vereis word, moet jy seker maak jy verstaan hoe dit werk, wanneer om dit te gebruik en hoe dit instandgehou moet word.

Moenie in 'n ontploffing inry nie!